www.kragdag.co.za

# KragDag

doen jou eie ding



DRUPPELS WORD STROME,
STROME WORD RIVIERE!

# Prospektus

## 6-8 Augustus 2026

Sakeliga – Selfstandige Sakegemeenskap | Pretoria FM – hoop, glo, leer in Afrikaans | NEASA – National Employers' Association of South Africa | 25 Jaar Ontbyt Sake | King Price Insurance | City Gates – Iconic Landmarks | AP Akademie | ATTSA NPC – supported by aquafer


Adendorff
TOOLS
FARM MASTER
SAKELIGA



# Indeks






Voorwoord 4
2026 KragDag Tema 6
Karakter & Fokus 7
'n Kragtige Ekspo 8
Landbou Sub-ekspo 9
EduXplore 10
Wat sê Uitstallers? 11
Borggeleenthede 12
2025 Borge 13
Borg Voorbeelde 14
Uitstallers 15
Besoekersprofiel 16
Bemarking en Media 17
Waar? 18
Terreinuitleg 19
Terugblik 20










# Voorwoord

Met die leuse "***Doen jou eie ding!***" skep KragDag 'n platform van inspirasie en inligting met 'n jaarlikse selfstandigheid-ekspo wat naby Pretoria aangebied word.

In 2025 het 600 ondernemings by KragDag uitgestal terwyl 32 500 mense daaraan deelgeneem het op 'n terrein van sowat 11 hektaar.

Hierdie groeiende belangstelling kan toegeskryf word aan die praktiese, werkbare oplossings wat tydens die ekspo gedeel word, asook die aktuele en inligtingsryke onderhoude in die Kopskuif Ateljee en die gesinsvriendelike atmosfeer en feestelike karakter.

Na die aanvanklike sukses van KragDag, het 'n verskeidenheid rolspelers in die landboubedryf betrokke geraak en sedert 2019 maak 'n volwaardige Landbou-Ekspo deel uit van die KragDag ekspo.

Sakeliga, NEASA, ontbytSAKE, City Gates, Pretoria FM, ATTSA, King Price en die AP Akademie is die agt vaandelborge wat hierdie geleentheid moontlik maak.




**32 500 Besoekers**

**1 000 Uitstalruimtes**

**600 Uitstallers**

**100 000 Gemeenskapslede**















# Doen jou eie ding!






















# 2026 KragDag tema

## Druppels word strome, strome word riviere!

### ’n Vloedgolf van selfstandigheid en hoop

Wanneer ’n enkele druppel grond toe val, is dit amper onopsigtelik. Dit maak skaars ’n merk, en kan niks natlei of voed nie. Maar daardie selfde druppel, saam met duisende ander, begin ’n stroom. En wanneer strome saamvloei, word dit ’n rivier – onkeerbaar, vol momentum, met die krag om vrugbaarheid oor lande te bring, vir kilometers en kilometers. Dít is die beeld wat KragDag 2026 vasvang: individue wat saamstaan, elk ’n druppel, wat saam ’n vloedgolf van verandering bring.

In Suid-Afrika voel baie mense dikwels klein teenoor die reuse-uitdagings: beurtkrag, watertekorte, ekonomiese onsekerheid, korrupsie en ’n staat wat faal. Wat help een sonpaneel op ’n dak, een watertenk in ’n tuin, een klein besigheid wat met moeite kop bo water hou? Dit lyk soms futiel – maar dit is nie. Elke daad van selfstandigheid is ’n druppel wat tel. Soos water lewe dra, dra elke mens se keuse om sy eie ding te doen die potensiaal om gemeenskappe te versterk.

Jim Collins beskryf dit met die beeld van ’n vliegwiel. Aanvanklik swaar en onbeweeglik. Jy stoot en dit voel nutteloos. Jy probeer weer, en nog ’n keer – stadig begin dit beweeg. Elke poging bou momentum, totdat die vliegwiel self begin draai en jy dit nie meer kan stop nie. So is dit met selfstandigheid. Een gesin begin met sonkrag. ’n Boergemeenskap deel waterplanne. Entrepreneurs begin hul eie oplossings skep. Spoedig vloei daardie druppels saam en skep ’n momentum wat nie maklik gestuit kan word nie.

KragDag 2026 is nie net ’n ekspo nie – dit is ’n visioen van wat gebeur wanneer gewone mense besluit om verantwoordelikheid te neem. “***Doen jou eie ding***” beteken nie isolasie nie, maar eerder selfverantwoordelikheid en dan samewerking. Wanneer bure saamstaan, wanneer boere saam baklei, wanneer klein ondernemings mekaar ondersteun, ***word druppels strome, en strome word riviere***.



Water is die simbool van lewe, vrugbaarheid en hoop. Sonder water is daar geen oes, geen groei, geen toekoms nie. Soos riviere die landskap vorm, so kan selfstandige gemeenskappe die samelewing herbou. Die staat is lankal nie meer ’n betroubare bron nie. Krag, water, werk, veiligheid – dit lê nie in die hande van politici nie, maar in die harde werk en volgehoue optrede van gewone mense.

Net soos ’n rivier nooit een bron alleen het nie, maar gevoed word deur honderde strome, so word volhoubaarheid gebou deur die klein, volgehoue dade van gesinne, boere, entrepreneurs en gemeenskappe.

Elke druppel maak saak. Elke stroom dra by. En saam vorm dit ’n rivier van vryheid en hoop wat ’n nasie kan dra deur uitdagende tye.

# Karakter



Die KragDag ekspo bied vir uitstallers ‘n winsgewende besigheidsgeleentheid met ‘n karnaval-atmosfeer vir die besoekers.

Die sterk besigheidsklem word gekomplimenteer met feestelike aktiwiteite soos ‘n groot verskeidenheid kos en lekkernye, ‘n teetuin, biertuin, perderitte, helikopterritte, kreatiewe- en opvoedkundige uitstallings, kompetisies en ‘n Kuns-en-Kou-Mark.

Vir KragDag lê entrepreneurskap na aan die hart en daarom maak die Ekspo ook voorsiening vir junior entrepreneurs. Dieselfde geld vir die rol van die gesin in onderwys.



# Fokus

Met die leuse ***“Doen jou eie ding!”*** fokus KragDag op self- en onderlinge versorgingsoplossings vir huishoudings, hoewe- of plaasbewoners en klein tot medium ondernemings.

In hierdie verband verskaf KragDag die platform waardeur produkbekendstellings en leersame inligting oor alternatiewe lewenstyloplossings beskikbaar gestel word.

In teenstelling met verskeie ander uitstallings is die klem dus op besigheid-tot-eindgebruiker blootstelling. Nogtans bied dit genoegsame ruimte vir besigheid-tot-besigheid netwerkgeleenthede.





# ‘n Kragtige Ekspo

Die KragDag ekspo gee uiting aan die behoefte om mense in staat te stel om in groter vryheid te leef.

Om dit moontlik te maak, is dit kardinaal dat hierdie teikenmark toegerus word met kennis en in kontak geplaas word met toepaslike oplossings. Hierin speel KragDag ‘n waardevolle rol en vorm die spilpunt waar verskaffer en kliënt mekaar kan ontmoet. KragDag skep ook ‘n platform vir vrydenkende individue en besighede om te netwerk en die mark te stimuleer.

Die toenemende getal deelnemers en inspirerende terugvoer van beide uitstallers en besoekers spreek vanself oor die groeiende behoefte oor hierdie onderwerp en geleentheid.



# Landbou Sub-ekspo



## Volhoubaar, intensief, presies, tegnologies innoverend, slim!



### Uitstallings en Kategorieë

- Rastentoonstellings.
- Kompetisies.
- Verskeie bekende sprekers.
- Groot-, klein- en pluimvee boerdery.
- Akkerbou.
- Akwakultuur.
- Groenteverbouing.

Met beperkte natuurlike hulpbronne en die strewe om beskikbare landbougrond meer produktief en volhoubaar te bestuur, diversifiseer landbou al hoe meer na intensiewe boerderypraktyke.

In samewerking met TLU SA, wil die ekspo kleinboere sowel as kommersiële boere bemagtig om hulpbronne meer doeltreffend te benut, boerderybestuur te verbeter, insette meer ekonomies aan te wend en sodoende volhoubaarheid en hoër boerderywins te verseker. *"Om te meet, is om te weet"* - Lord Kelvin. Met hierdie leuse, fokus ons op tema-uitstallers en sprekers wat presisie-, intensiewe- en tegnologiese boerdery, volhoubaarheid en bewaringsboerdery bevorder.

Om uitstallers met groter implemente te akkommodeer, is daar ook Grootskaal Pakkette beskikbaar van 12x12m. Hierdie ruimtes kan gekombineer word om selfs groter areas te maak.

Vir uitstallers is dit egter ook 'n gulde geleentheid om produkte en dienste aan boere in die Gauteng area bekend te stel, aangesien daar geen ander landbou-ekspo met hierdie fokus in die area aangebied word nie.

TLU SA





# EduXplore



## Onderwys - nie om 'n emmer vol te maak nie, maar om 'n vuur aan te steek!

### Uitstallings en Kategorieë

- Kurrikulums.
- Leerhulpmiddels.
- Ondersteunende materiaal.
- Tersiêre instellings.
- Privaat skole.
- Buitemuurse aktiwiteite.
- Oorbruggingsjare ens.

Ingesluit by die tradisionele terrein van KragDag, word 'n area opsy gesit vir die EduXplore Sub-ekspo. Vir jare het die voorganger ekspo's van die EduXplore ekspo gefokus op alternatiewe onderwysmoontlikhede, wat hoofsaaklik op tuisonderwys gefokus het en later uitgebrei is na kothuis- en privaatskole.

Suid-Afrika is tans een van die lande in die wêreld met die meeste tuisonderwys kinders. Aanvanklik was hierdie groei 'n reaksie op die verswakking van die staatsonderwys, maar tuisonderwysgesinne het gou die waarde daarvan ontdek. Dit het 'n lewenswyse van selfstandigheid en vryheid vir hulle geopenbaar.

Die teikenmark van EduXplore bestaan hoofsaaklik uit tuis- en privaatskoolgesinne wat waarde heg aan lewenslange leer en 'n avontuurlike lewensreis. Hierdie mense sien werk nie net as 'n manier om geld te verdien nie, maar as 'n roeping wat persoonlike bevrediging bied.

Die leerproses beperk hom nie net tot die kind nie, maar strek uit na die hele gesin. Leer is 'n ewige proses en 'n integrale deel van die lewe. Die EduXplore uitstallers bied hulpmiddels om gesinne voor te berei vir 'n toekoms in 'n wêreld wat voortdurend verander.



# Wat sê uitstallers?



*Ons is al meer as 20 jaar in bedryf en GEEN ander bemarkings geleentheid lewer die opbrengs wat KRAGDAG lewer nie.*

***

*Een van die min goed georganiseerde ekspo's met oor as genoeg diverse mense om enige produk te bemark, kinders, vrouens, mans, boere, besigheidsmense en oumense.*

***

*Dis 'n fantastiese positiewe omgewing met mense, besighede, dienste en belangegroepe wat in die algemene selfde rigting dink en funksioneer. Die positiwiteit is goud werd. Die netwerk is fantasties. Dis 'n goeie kombinasie van besigheid en gesinspret.*

***

*Absoluut die moeite werd. Die organisasie en kommunikasie met die uitstallers vooraf en tydens die ekspo was ook uitstekend.*

***

*Dit was uitstekend en baie lekker, ons het baie besigheid ontvang en ek stel voor jy boek jou stalletjie terwyl daar nog beskikbaar is.*

***

*Ontspanne, gesellige en vriendelike atmosfeer in AFRIKAANS.*

***

*'n Goeie ervaring van mense wat planne maak en 'n bydrae maak tot die land se ekonomie.*

***

*Dankie vir die geleentheid (1ste) om by KragDag te kon uitstal. Julle is 'n goeie span wat nog groot hoogtes gaan bereik. Sien uit na KragDag 2026.*





# Borggeleenthede

## Verskeie borggeleenthede vir meer bemarkingswaarde!

- **R 200 000** – Vernoem die **VERHOOG** na jou onderneming
- **R 90 000** – Vernoem 'n **INGANG** na jou onderneming
- **R 80 000** – Borg die gedrukte **EKSPO PROGRAM**
- **R 50 000** – Vernoem 'n **TENT** na jou onderneming
- **R 50 000** – Vernoem die **KUIERAREA** na jou onderneming
- **R 50 000** – Vernoem die **ARENA** na jou onderneming
- **ITEM** – Borg die **EKSPO SAKKE**
- **R 40 000** – Borg die **EKSPO VIDEO**
- **R 80 000** – Vernoem die **VEETENT** na jou onderneming
- **R 50 000** – Borg die **PARKEER AREA**
- **ITEM** – Borg die **PERSONEEL KLERE**
- **R 70 000** – Vernoem die **SANDPUT** na jou onderneming
- **ITEMS** – Borg die **LAAIBANKE & KRALE**
- **ITEM** – Borg **SAMBRELE** vir die kuierarea
- **R 30 000** – Borg die **JONG ENTREPRENEURS**
- **ITEMS** – Borg die **PLANTE** op die VERHOOG & INGANGE

## Borgskap Voordele

Alle borge kry die volgende voordele, asook wat met elke borg gereël is:

- Roterende webtuiste advertensie op die KragDag webtuiste.
- Logo op borge blad op KragDag webtuiste.
- Logo op ekspo reklame nuusbriewe.
- Logo op die borge-blad in die gedrukte ekspo program.
- Volblad advertensie in die gedrukte ekspo program.
- Haaivin baniere teen die ingangspad.



# 2025 Borge



## Dankie aan elke borg en vennoot wat bygedra het tot KragDag 2025!



# Borg Voorbeelde



Tent Borgskap



Arena Borgskap



Sakke Borgskap



Ingang Borgskap



Sandput Borgskap



Verhoog Borgskap

# Uitstallers



**TEMA**
VIR
**270**
UITSTALLERS

**LANDBOU**
VIR
**120**
UITSTALLERS

**OPVOEDKUNDE**
VIR
**30**
UITSTALLERS

**KUNS EN KOU MARK**
VIR
**80**
UITSTALLERS

**JUNIOR ENTREPRENEURS**
VIR
**40**
UITSTALLERS

**VERVERSINGS**
VIR
**55**
UITSTALLERS

**ORGANISASIES**
VIR
**30**
UITSTALLERS

**PRETPARK**
VIR
**10**
UITSTALLERS

Uitstalruimtes is in eenhede van 4x4m beskikbaar.
Grootskaal pakkette is 12x12m.

## MIKRO -pakket-

**R 3 910**

Vir sensitiewe begrotings!

## STANDAARD -pakket-

**R 10 948**

Uitstekende waarde uitstalling pakket!
**WAARDE: R 13 639**

## GOUE -pakket-

**R 26 220**

'n Volhuis uitstalling met omvattende bemarking!
**WAARDE: R 43 397**

Binnenshuise en Grootskaal opsies is ook by elke pakket beskikbaar.

Ingesluit by alle Tema-, Landbou- en Opvoedkunde-uitstalpakkette is die plasing van u onderneming se besonderhede in die gedrukte ekspoprogram, sowel as op die KragDag webwerf vir 'n jaar.

Addisionele bykomstighede en bemarkingsgeleenthede is ook beskikbaar. Besoek die KragDag webtuiste vir meer inligting.


**BESPREEK HIER**




# Besoekersprofiel

*"KragDag bied iets vir almal, van jonk tot oud, of dit 'n ernstige soeke na oplossings is, en of dit is om net die atmosfeer te geniet."*


**Ouderdomsgroepe**




**Jaarlikse Inkomste**




**Voorneme om binne die volgende jaar in alternatiewe energie te belê**




- Hoofsaaklik Afrikaanssprekend.
- Lewendige en ernstige belangstelling in die selfstandigheidsprodukte en oplossing.
- Enkelinge en gesinne.
- Verteenwoordiging uit alle ouderdomsgroepe.
- Salaristrekkers sowel as besigheidseienaars en entrepreneurs.
- Besluitnemers en beïnvloeders.
- Van die wat aktief in die arbeidsmark is, is die verdeling soos volg:
  - Staat of semi-staat instansie: 10%
  - Privaat instansie: 53%
  - Eie onderneming: 36%
- Onderwys wat besoekers se kinders van skoolgaande ouderdom ontvang:
  - Staatskool: 69%
  - Privaatskool: 14%
  - Tuisonderwys: 17%
- Onder andere hier om:
  - Met mede-kopers te skakel.
  - Vordering, verbetering en vooruitgang in nuwe tegnologie te beoordeel.
  - Kostebepalings te doen.
  - Vergelyking van produkte en oplossings te maak.
  - Toepaslike produkte te koop.
- 36% het reeds in alternatiewe energie of energie besparing geïnvesteer en 11.3% is reeds onafhanklik van Eskom krag.
- 45% van die besoekers het aangedui dat hulle van plan is om in die komende jaar in alternatiewe energie te belê en 'n verdere 40.8% het aangedui dat hulle dit oorweeg.



# Bemarking & Media



**'n Wye verskeidenheid van bemarkingskanale word ontgin ten einde die beste waarde vir uitstallers te gee.**

- **Elektroniese nuusbriewe** – Nuusbriefveldtog aan KragDag se databasis met sowat 100 000 mense.
- **Gedrukte Advertensies** – Verskeie publikasies, koerante, advertensie borde ens.
- **Webtuiste** – KragDag het 'n lewendige, informatiewe webtuiste waar die ekspo gepromoveer word.
- **Vennootskappe** – Samewerking met 'n netwerk van strategiese sleutel organisasies.
- **Persvrystellings** – Samewerking met media om dekking te gee aan die geleentheid.
- **Radio** – Onderhoude en advertensies op verskeie streeksradiostasies bv. Pretoria FM, Kragbron, Groot FM, LekkerFM, Hi 5 Stereo ens.
- **Televisie** – ontbytSAKE op Kyknet en E-TV nuus.
- **Uself** – Ons hou voornemende uitstallers en borge op hoogte van ons nuutste planne en sal graag met u 'n pad wil stap wat tot u onderneming se voordeel is.
- **Sosiale media** – LinkedIn, Twitter, Instagram en Facebook asook *"word of mouth"*.

# Advertensiegeleenthede vir ons uitstallers!

KragDag bied ook die volgende addisionele bemarking- en advertensiegeleenthede aan uitstallers:

- Artikels in KragDag se elektroniese **nuusbrief**.
- Aanlynadvertensies op KragDag se **webwerf**.
- **Advertensies** in die gedrukte ekspo program.
- **Kontakbesonderhede** op die KragDag webwerf vir 'n jaar.

Bo en behalwe bogenoemde geleenthede, beding KragDag afslag by verskeie media vir sy uitstallers bv:

- Afslag koste vir Pretoria FM onderhoude

**BESIGTIG DIE PROGRAM HIER**





## MEDIA:

Pers en publikasie-instansies kan gebruik maak van ons aanbod vir 'n gratis uitstalruimte by KragDag in ruil vir beriggewing oor die geleentheid (ingesluit is 'n helikopterrit vir beeldmateriaal vanuit die lug van die ekspo.)



# Waar?




**Diamantvallei Landgoed**
**Rayton**

# 'n Kampterrein

Ons nooi uitstallers uit om sommer in die Diamantvallei Kampterrein te kom oorbly tydens die ekspo.

Nie alleen skakel dit die koste en moeite van elke dag se heen-en-weer-pendel uit nie, dit bied die geleentheid om meer deel te wees van die gesellige saamkuier atmosfeer.

**BESPREEK HIER**

Verskeie opsies is beskikbaar om 'n heerlike kamp-ervaring vir elke begroting te vir seker:

- Ingerigte tent met elektrisiteit
- Slegs Kampeer Standplaas met elektrisiteit



# Terreinuitleg








# Terugblik

Klik op die beeld om na die video te kyk!

## KragDag 2025




## KragDag 2024



## KragDag 2023



## KragDag 2022



## KragDag 2019



## KragDag 2018



## KragDag 2017



## KragDag 2016




## KragDag 2015




## KragDag 2014




## KragDag 2013




## KragDag 2012




www.kragdag.co.za
info@kragdag.co.za
087 231 1644